

**28 April**

**Skrifgedeelte: Esegïel 16  
Fokusgedeelte: Esegïel 16:63**

**God se trou en die mens se ontrou**

In Esegïel 16 gebruik die profeet skokkende beelde om die ontrou van God se volk uit beeld. 'n Mens wil amper sê: nie vir sensitiewe lesers nie. Die beelde maak dit baie duidelik hoe die volk se geskiedenis verloop het. Die Here het Israel uitverkies om sy volk te wees, sonder enige verdienste van hulle kant. Hulle was slawe in Egipte, sonder werklike hoop op 'n nuwe toekoms. God het hulle egter verlos en aan hulle 'n eie land gegee. Die geskiedenis van die volk getuig egter van 'n verskriklike ontrou. Hulle was soos 'n getroude vrou wat op 'n gruwelike wyse aan haar man ontrou geword het. Om aan God ontrou te word is 'n verskriklike sonde – en deur verskriklike beelde moes Esegïel dit vir die volk duidelik maak. Oor 'n lang tyd heen het hulle die verbond op 'n gruwelike wyse verbreek. Nou word die oordeel 'n verskriklike werklikheid. En tog is dit nie die einde van die pad wat God met die volk geloop het nie. Deur die geskiedenis heen het Hy getrou gebly en weer en weer genade bewys. Die ongelooflike is dat God sê dat Hy die verbond in stand sal hou. Dit het Hy gedoen deur die dood en opstanding van ons Here Jesus Christus. Die verskriklike sondes van God se volk word versoen deur die verskriklike dood van sy Seun – en ons kan alleen daarvoor jubel.

Sing: Skrifberyming 24:2

Prof HF van Rooy (Teologiese Skool Potchefstroom)